# John Wesley se Aldersgate-ervaring: 'n Herwaardering

MC Kitshoff
&
JW Claasen
Universiteit van Zoeloeland

Abstract
John Wesley's Aldersgate experience: A reassessment

The well-known experience of Wesley at Aldersgate Street on 24 May 1738 is widely considered to be his conversion. In this article an attempt is made to determine the following:

* whether this experience can be styled a conversion
* whether there is support for another localization for Wesley's conversion;
* what the nature of the Aldersgate experience was if not a conversion.

In order to achieve these ends the evidence on the following aspects of Wesley's life is considered:

* the Aldersgate experience itself;
* the events prior and subsequent to Aldersgate;
* changes in Wesley's theological understanding of salvation.

The conclusion opposes the popular view on Aldersgate.

Gedurende 1988 is daar wêreldwyd, veral in die Metodiste Kerke, die 'bekering' van John Wesley op 24 Mei 1738, tweehonderd en vyftig jaar gelede, in herinnering geroep. Vanselfsprekend is die gedagtes teruggevoer na daardie besondere aand in Aldersgate Street en is weer geluister na die nou reeds baie bekende woorde waarmee hy sy ervaring in sy joernaal beskryf: 'I felt my heart strangely warmed. I felt I did trust in Christ, Christ alone for salvation; and an assurance was given me that he had taken away *my* sins, even *mine*, and saved *me* from the law of sin and death'.

Uiteraard word oor die inhoud en betekenis van hierdie ervaring verskillend geoordeel en word dit gevolglik verskillend getipeer. Tog is dit so goed as seker dat dit die meerderheidsmening is, veral soos dit na vore kom in die Engelse literatuur, naamlik dat hierdie ervaring as 'n *conversion* getipeer moet word. Dit word selfs genoem een van die drie 'most momentous conversions in Christian history' (Carpenter 1959: 197). Die ander twee sou dan dié van Paulus en Augustinus wees. Dikwels word hierdie ervaring, vergeleke met 'n vorige gebeurtenis, 'n 'evangelical conversion' genoem (Wood 1967: 68), terwyl die vorige een dan 'n 'moral conversion' (Davies 1963: 57-60), 'first conversion' (Jedin 1981: 440), of 'n geval van 'converted in the Catholic sense' (Baker 1948: 13) sou gewees het.

Ander kensketsings van die Aldersgate-ervaring is die volgende: Wesley wat voorheen die gedaante van godsaligheid gehad het, het by Aldersgate die krag ontvang (Baker 1948: 13), hy het oorgegaan van 'virtual faith to real faith and from hoping to having' (Outler 1964: 17) en 'theory had become fact, expectation had become fulfilment, desire had become possession' (Schmidt 1962: 60). Ook word die Aldersgate-ervaring gesien as 'n deurbraak deur die geloofsgrens (Marshall 1965: 24), 'n transformasie (Church 1959: 68), 'n illuminasie (Todd 1958: 74), 'n pinksterervaring (Watson 1964: 9), die oorsteek van 'n religieuse Rubicon (Cell 1935: 297), die ervaar van regverdigmaking, maar ook die vind van innerlike heiligmaking (Schmidt 1962: 267-268). Die populêrste enkele woord om die Aldersgate-gebeurtenis te tipeer bly egter nog 'conversion'. Skevington Wood (1967: 69) is so oortuig dat dit die juiste karakterisering is dat hy diegene wat nog in onsekerheid hierdie woord in aanhalingstekens wil sit, soos volg aanraai: 'We can drop the inverted commas which have sometimes enclosed the word conversion as applied to Wesley's heart-warming'.

Met sulke advies word die onsekerheid egter nie besweer nie. Die getuienis moet eerder opnuut bekyk en geëvalueer word. En die tweehonderd en vyftig jaar tussen toe en tans het genoeg afstand gebring om objektiwiteit te bevorder! Met hierdie studie word gepoog om die volgende vas te stel:

- of Wesley se Aldersgate-ervaring 'n 'conversion' (met of sonder aanhalingstekens!) was,
- of 'n ander lokalisering moontlik is as die bekering nie by Aldersgate plaasgevind het nie,
- of die aard van die Aldersgate-ervaring vasgestel kan word as dit nie as 'n bekering getipeer kan word nie.

Die 'getuies' wat opgeroep gaan word is die volgende:

* die Aldersgate-gebeurtenis self,
* die gebeure voor 24 Mei 1738,
* die getuienis na 24 Mei 1738, en
* verskuiwings in Wesley se denke.

Deur die aanhoor en opweeg van hierdie getuienis sal probeer word om tot 'n herwaardering van die Aldersgate-ervaring te kom.

## DIE ALDERSGATE-GEBEURTENIS SELF

Sover bekend, het Wesley nie die woord 'conversion' gebruik om sy Aldersgate-ervaring mee te tipeer nie. In sy skriftelike nalatenskap kom die woord ook selde voor. Tog gebruik hy die woord in Januarie 1738 as hy oor sy Amerika-tydperk besin en besluit hy: 'I who went to America to convert others was never myself converted to God' (Wesley s a: 75). 'n Paar maande later skryf hy oor 'instantaneous conversions' as daardie gebeurtenisse waarby mense oombliklik oorgaan van duisternis na lig, van sonde en ellende na geregtigheid en vreugde in die Heilige Gees (Wesley s a: 89).

Dit is nie verbasend dat die woord 'conversion' 'n beperkte gebruik by Wesley gehad het nie. Hy wou steeds Bybelse terminologie gebruik - en die woord 'conversion' is uiters skaars in die Engelse Bybel. Tog sou Wesley in Handelinge 15: 3 (King James Version) gelees het van 'conversion of the Gentiles' en in Matteus 18: 3 van Christus se oproep tot 'n radikale verandering en as sy vereiste om in te gaan in die koninkryk van die hemel as Hy sê: 'be converted'.

Oor die algemeen word bekering beskou as 'n min of meer ingrypende verandering, 'n transformasie, 'n ommekeer.' In hierdie sin word die woord ook gebruik om nie-religieuse response of reaksies op sekere stimuli aan te dui. Hierdie response of reaksies kan hulle uitdruk in die reoriëntasie van denkwyse en morele of gees-telike houdinge en handelwyses. Meer dikwels word hierdie begrip egter in 'n religieuse sin gebruik.

Gewoonlik word bekering, in ooreenstemming met die Nuwe-Testamentiese sinsduiding, beskou as 'n positiewe reaksie en reoriëntering met hoofkomponent die keer na die nuwe lewe in Christus sowel as 'n negatiewe komponent, naamlik die wegkeer van die oue in en om die mens. Van groot belang vir die bespreking hierna, is die feit dat bekering onder andere as 'n *bewuste* handeling beskou word en nie alleen of hoofsaaklik as 'n passiewe ervaring nie. Dat dit so is, blyk nêrens beter nie as uit die appél wat die Woord op die mens maak en hom oproep tot 'n bewuste reaksie waarby verstand en gemoed, moraal en insig, houding en handeling

betrokke is. Wesley se eie preke gee oorvloedige getuienis van hierdie oproep tot 'n bewuste lewensverandering. Terwyl hierdie reoriëntering duidelike verstandelike en wilsaspekte het, word die gevoel, die affektiewe, nooit uitgesluit nie, maar dit behoort ook nooit as hoofsaak voorgehou te word nie.

Dat bekering die werk van die Heilige Gees is, is nie te ontken nie. Maar soos Heyns (1978: 315) dit stel: 'die werk van die Gees in, aan en oor die mens word geleidelik 'n werk deur die mens', sodat in bekering die mens duidelik na vore kom as 'subjek wat in vryheid en verantwoordelikheid handel'.

Wanneer die teks bekyk word wat Wesley se hartverwarmende ervaring beskryf, val die volgende op:

* Daar was groot onwilligheid om na die Aldersgate-byeenkoms te gaan. Op daardie uur was daar dus geen bewuste soeke na die Here en geen verlange by Wesley om hom na die Here te keer nie.
* Mens kry nie die indruk dat stimuli dáár na hom uitgegaan het en dat 'n appél daar op hom gemaak is nie.
* In die byeenkoms was daar by Wesley geen wilsvoorneme en geen bewuste positiewe reaksie op die gebeure aldaar nie. Daar was geen bewuste houding of handeling van toekeer tot of oorgawe aan Christus nie.
* In die beskrywing van die gebeure is die *gevoel* die sleutelbegrip. Wesley 'felt' hoe die hart verwarm, hy 'felt' die vertroue in Christus.
* Die taal en styl van die beskrywing van die gebeure op daardie aand lewer geen getuienis van 'n ommekeergebeurtenis nie; dit word egter nie ontken dat daar merkbare veranderinge plaasgevind het nie.
* Die Aldersgate-teks gee getuienis van twee veranderinge by Wesley: die bekom van 'n warm hart en die bekom van die sekerheid van verlossing. Hierdie veranderinge is op 'n passiewe wyse bekom en op 'n gevoelswyse ervaar.
* Die terminologie wat gebruik word, getuig van die persoonlike betrokkenheid van Wesley, maar dan 'n emosionele betrokkenheid, veral deur die woorde 'felt', 'heart' en 'strangely warmed'. Ook die woorde 'trust' en 'assurance' het in hierdie verband 'n affektiewe klank.

Om tot 'n oordeel te kom betreffende die bekeringsaard al dan nie van die Aldersgate-ervaring, moet hierdie ervaring opgeweeg word teen dit wat as 'n skriftuurlike bekering beskou word. Alhoewel die Gees nie volgens vaste patrone hoef te werk nie, lyk dit tog of die volgende komponente, elemente of aspekte by bekering gevind word. Hieraan sal die Aldersgate-ervaring nou gemeet word.

*'n Intellektuele element.* Bekering het, onder andere, te doen met 'n verandering van insig en beskouing deurdat mens verstandelik jou eie posisie evalueer en jouself

verstandelik reoriënteer of laat oriënteer. Dat Wesley by Aldersgate intellektueel betrokke was, veral dan by die aanhoor van Luther se voorwoord tot die Romeinebrief, is vanselfsprekend. Of die intellek egter hier in 'n bekeringsraamwerk gefunksioneer het, is te betwyfel. Nêrens gee die gebeurtenis blyke van 'n verstandsinkeer of verstandsreoriëntasie nie.

*'n Wilselement.* Duidelik genoeg, is bekering nie iets wat buite die mens se wil om gebeur nie; dit is nie iets wat aan die mens as willose wese gedoen of aan hom opgedring word nie. Selfs die dikwels gehoorde uitdrukking, dat by bekering die mens se wil gebuig word om te wil, wys op die menslike wilsaksie tot reoriëntering. Die beslissings tot en in bekering bly wilsbeslissings.

Die Aldersgate-ervaring lewer geen getuienis van 'n wilsaktiwiteit wat betrekking het op 'n verandering van enige aard en rigting nie.

*'n Emosionele element.* Bekering is selde of ooit emosieloos - dit kan uiteraard ook nie. Daar is dikwels 'n hartlike leedwese oor sonde, 'n gevoel van verlorenheid wat gevolg kan word deur 'n gevoel van verligting, selfs van vreugde.

By Aldersgate het die gevoel nie ontbreek nie; trouens, dit het oorheers. Die vraag is egter of hierdie gevoel 'n bekeringsverband gehad het. Dit lyk nie so nie, maar op hierdie vraag kom ons weer later terug.

*'n Bewustheidselement.* Bekering is 'n gebeure in die bewussynslewe waar die mens as subjek bewustelik reageer op invloede of impulse wat sy ervaringsveld binnedring.

By Aldersgate het Wesley hom in 'n posisie bevind waar hy bewus was van iets wat met hom gebeur het. Dit lyk egter korrek om te sê dat hy nie bewustelik handelend-aktief was in die proses van die gebeure nie.

*'n Christosentriese element.* Bekering in die Skrif is uitgesproke Christosentries. Bekering is 'n toekeer tot Christus.

By Aldersgate sien Wesley vir Christus duidelik as Redder. Hierdie feit kan nie ontken word nie. Tersaaklik egter is die vraag of Wesley daar by Aldersgate homself williglik en bewustelik tot Christus toegekeer het. Wesley se joernaal oor die gebeure op daardie betrokke aand lewer geen getuienis hiervan nie.

*'n Tydselement.* Bekering kan plotseling, maar ook prosesmatig wees. Verder word ook onderskei tussen 'n *conversio actualis* en 'n *conversio continua* (Heyns 1978: 317).

By Aldersgate het iets plotseling gebeur - om 20:45. Maar daarmee is nie bewys gelewer dat dit 'n bekering was nie, minder nog 'n *conversio actualis*.

*'n Omkeerelement.* Bekering is 'n wegkeer van die sonde en 'n toekeer na God, 'n beweging van *mortificatio* na *vivificatio*. Die Aldersgate-teks lewer egter geen getuienis van so 'n ommekeer nie.

Gelei deur hierdie beknopte vergelyking kan seker nie anders geoordeel word dat John Wesley se plek en tyd van bekering waarskynlik nie Aldersgate Street, 34 Mei 1738, om 20:45 was nie. Die hoofargument vir hierdie stelling is dat Wesley daar en toe geen wilshandeling verrig het nie en daar geen bewuste reoriëntering van hom tot Christus was nie. Hy was geen handelende subjek nie. Iets het hom oorgekom, iets of Iemand het oor hom gekom, maar hy self het nie daar en op daardie aand willens en wetens tot God gekom nie.

## DIE GEBEURE VOOR 24 MEI 1738

Om te praat van Wesley se bekering op 25 Mei 1738 impliseer onder andere dat hy voor daardie tyd 'n heiden of 'n huigelaar was, en verlore soos beide van hulle, totdat die Aldersgate-ervaring die lig en lewe gebring het. 'n Markante verandering word dus geïmpliseer.

Inderdaad dra bekering dikwels die stempel van 'n ingrypende verandering, 'n radikale breuk, 'n koerswysiging, 'n afskeidneem van die oue. Wesley se lewensloop voor Aldersgate behoort lig te werp of hierdie ervaring die breuk met die verlede geslaan het, veral ten opsigte van sy verhouding met Christus.

Wesley getuig dat hy tot sy twee en twintigste jaar God probeer dien het alhoewel hy nog onkundig was oor die ware betekenis van die weg en evangelie van Christus. In 1725 het hy, deur die lees van stigtelike lektuur van Jeremy Taylor, tot die insig gekom dat alles nutteloos is as hy nie sy hart en lewe aan God gee nie. 'n Jaar of twee later, in 1727, het hy tot die oortuiging geraak van die absolute onmoontlikheid om 'n halwe Christen te wees. Gevolglik het hy die vaste besluit geneem om deur die genade van God, die noodsaaklikheid waarvan hy diep besef het, homself volkome aan God te wy - liggaam, siel en hele wese (Outler 1964: 7, 61-62, 79).

Waar die lig 'n jaar of wat tevore op die godsdiens van die hart teenoor uiterlike pligpleging geval het, is die klem nou gelê op die volle Christenskap deur 'n volle toewyding wat alleen moontlik is deur die onontbeerlike genade van God. En dat Wesley, wat altyd eerlik met homself en voor God wou wees, hierdie voorneme nie uitgevoer het nie, kan nie ontken word nie.

Oor hierdie 1727-gebeure word verskillend geoordeel. Outler (1964: 7), 'n gevierde Wesley-kenner, noem dit 'n 'radical change - a conversion if ever there was one'. Green weer hou 'n ander mening daarop na as hy sê: 'Whilst it provides ample evidence of his eager acceleration of the tempo of religious life, it is not a conversion' (Green 1945: 29).

Tog lewer 1727 sterk getuienis ten gunste van 'n bekering:

* Dit was 'n redelike dramatiese reaksie op die stimuli waarmee hy gekonfronteer was.
* Daar was 'n bewuste, gewilde en besliste keuse tussen, aan die een kant, oorgawe aan God en, aan die ander kant, die dien van homself wat, volgens hom, diens aan die duiwel beteken het.
* Dit was dus 'n wegkeer van die self (en Satan) en 'n toekeer tot God, of hoogstens 'n wegkeer van half-Christenskap na volle oorgawe aan God.
* Soos in die geval van ware, Bybelgefundeerde bekerings het die belangrike element van geloof nie ontbreek nie. Juis die feit dat Wesley geweet het dat die toekeer na en toewyding aan God alleen deur die genade van God kan geskied, toon reeds die geloof wat hom op die genade van God wil werp.

Tog kan dit nie ontken word dat hierdie gebeure nie blyke gee van 'n omlynde geloofsbeskouing nie, en minder nog van 'n geloofsvertroue. Rondom 1730 kry die geloofsaspek sterker nadruk wanneer Wesley, in sy eie woorde, tot so 'n mate met die Bybel begin omgaan dat hy feitlik 'n *homo unius libri* geword het. Toe het hy duidelik gesien dat geloof die een ding is wat nodig is. En weer was dit sy verlange om God met sy hele hart lief te hê en met al sy kragte te dien (Outler 1964: 79).

Terwyl daar getuienis aangevoer word vir 'n bekering van Wesley in 1727 kan die gemis aan 'n duidelike Christologiese dimensie in die selfbetragting en selfoorgawe van Wesley tog nie ontken word nie. Dit gaan in die ware bekering om 'n Persoon, Jesus Christus. Die regverdiging deur die geloof in Christus was nog nie prominent in Wesley se selfrefleksie en teologiese refleksie nie. Daar sal kan aangevoer word dat hierdie Bybelse waarheid wel teen 1733 reeds duidelik deur Wesley raak gesien is en self verkondig is, want in 1765 skryf hy: 'January 1, 1733 I preached the sermon on "The circumcision of the heart" which contains all that I now teach concerning salvation from *all sin* and loving God with an undivided heart' (Outler 1964: 79). Inderdaad gee die teks van hierdie preek aanduidings dat Christus beskou en verkondig is as die verlosser en versoener van die wêreld. Dit word dan ook in hierdie preek as 'important truths' beskou (Jackson 1829: 205). Tog is die idee van regverdigmaking nie hier prominent nie, en sou dit waarskynlik ses jaar tevore, in 1727, ook nie deel van Wesley se teologiese besit gewees het nie.

'n Verdere en skynbare verdoemende getuienis teen die moontlikheid van 'n bekering van Wesley voor 1738, is sy eie uitspraak op 24 Januarie 1738, presies vier maande voor Aldersgate. Hy skryf: 'I went to America to convert Indians but, o, who shall convert me' (Wesley s a: 74). Sy selfbeklag, die gevolg van selfondersoek herhaal hy vier dae later in hierdie woorde: 'I who went to America to convert others, was never myself converted to God' (Wesley s a: 75). Die uitsprake het

waarskynlik grootliks bygedra om die beskouing te vorm dat die Aldersgate-ervaring Wesley se 'conversion' was.

Belangrik is dit dat hierdie selfontledende en selfverdoemende uitsprake in die regte perspektief geplaas moet word. Die volgende is van belang:

- Hierdie selfportret van Wesley is geteken met sy terugkoms uit Amerika waar sy sendingpogings, menslik gesproke, 'n mislukking was, waar hy persoonlik baie spanninge ervaar het en selfs genoodsaak was om die land vinnig en ongemerk te verlaat. Dat 'n gevoel van nutteloosheid en swartgalligheid hom van Wesley meester gemaak het en sy selfbeeld ernstig geknou het, kan nie weggeredeneer word nie.
- Wesley se selfportret van mislukking en onbekeerdheid was hoofsaaklik 'n gevoelsportret. Hy skryf op 8 Januarie 1738: 'In the fulness of my heart I wrote the following words: By the most infallible of proofs, inward feeling, I am convinced ....' Dan volg daar 'n lys van dinge waarvan sy 'inward feeling' hom oortuig het, onder andere, ongeloof. Die bewys vir sy ongeloof lê vir hom in die feit dat sy hart ontsteld is (Wesley s a: 71).
- Dat sy vermeende ongeloof sterk deur sy gevoel gedra is, word gestaaf deur die volgende getuienis: In latere jare het Wesley by die tweede inskrywing in sy joernaal oor sy vermeende onbekeerdheid, dié van 29 Januarie 1738, 'n kant-aantekening aangebring wat so lees: 'I am not sure of this' (Wesley s a: 75). Hiermee het hy dan self getuienis gegee dat hy die gevolgtrekking van sy selfanalise: onbekeerdheid, in twyfel begin trek het.
- Dat Wesley self later aan die bewyskrag van die gevoel en denke getwyfel het, word in 1770 bevestig as hy sê: 'But how are we sure that the person in question never did fear God and work righteousness. His own thinking so is no proof. For we know how all that are convinced of sin undervalue themselves in every respect' (Williams 1960: 62).

Die kan as waarskynlik beskou word dat daar ook 'n onderwaardering by Wesley was toe hy homself in Januarie 1738 as 'never converted to God' getipeer het.

- Gedurende dieselfde tyd as sy selfbeklag oor sy gevoel van onbekeerdheid, word Wesley se verlange dat God se liefde in hom sou woon en van hom besit sou neem, in 'n gedig verwoord. As hy in 1765 hieroor aan John Newton skryf, voeg hy daar by: 'And I am still persuaded, this is what the Lord Jesus hath bought for me with his blood' (Outler 1964:80). Hierdie woorde kan net beteken dat

Wesley reeds in Januarie 1738 oortuig was, soos hy nog steeds in 1765 oortuig is, dat Christus hom kom red het deur sy bloed.

Aan die einde van Januarie 1738, dit wil sê nog voor die ontmoeting met Peter Böhler, vorm die volgende (meer negatief van aard) deel van Wesley se geestes-, gevoels- en religieuse besit:

* Daar was 'n sterk oortuiging van mislukking, ongeloof en onbekeerdheid. Hierdie oortuiging is hoofsaaklik gedra deur 'n gevoelstroom wat in die bedding van eie-onderwaardering gevloei het. Wesley se latere uitsprake in nugtere oomblikke is dan ook 'n relativering van sy vroeëre stellings oor sy onbekeerdheid.
* Die innige gevoel van mislukking, ongeloof en onbekeerdheid wou hy verdryf met 'n innige gevoel van geloof. Hierdie gevoel, 'most infallible of proofs', moes hom laat ervaar dat hy vry is van sonde, twyfel en vrees.

Meer positief van aard is die volgende:

* Wesley het homself reeds herhaalde kere bewustelik tot God gekeer en homself aan God oorgegee.
* Hy het geweet hy word nie gered deur sy eie dade nie, maar deur die versoening van Christus.
* Hy het geweet en besef dat hierdie redding syne word deur die geloof in Christus.
* Dat die geloof reeds in Wesley se hart geleef het, is feitlik seker.

Met hierdie besit gaan Wesley Böhler dan tegemoet.

## DIE TYDPERK FEBRUARIE 1738 TOT 24 MEI 1738

Die gesprekke met Peter Böhler gedurende Februarie tot April 1738 het vir Wesley leerstellig niks nuuts gebring nie. Ook die leer van regverdigmaking deur die geloof, dit wat Böhler so beklemtoon het, was deel van Wesley se teologiese besit. Böhler het egter hiernaas die persoonlike ervaring van hierdie leerstelling by Wesley ingeskerp: dat die geloof waardeur die regverdigmaking aanvaar word, ervaar moet word (Towlson 1957: 56). Aangesien Wesley self reeds op soek was na gevoelsoortuiging of 'n gevoelsbevestiging, is hy spoedig oortuig van die groot leemte in sy lewe. Hy skryf: 'I well saw no one could, in the nature of things, have such a sense of forgiveness and not feel it. But I felt it not' (Outler 1964: 65). Met

Böhler se klem op die persoonlike ervaring is dit begryplik dat hy die mens se redding as 'n oombliklike, spesifieke en bewuste nuwe begin sou sien. Ook dit het vir Wesley 'n probleem geword: Die ontbreek van so 'n oomblik in sy lewe, die oomblik van skeiding tussen lig en duisternis, van oorgang van sonde na heiligheid en vreugde.

Hierdie insigte, met die gepaardgaande emosionele druk, het Wesley op 23 April 1738 tot 'n nuwe krisis en tot nuwe oorgawe aan God gebring. Op hierdie dag het hy

- sy toestand voor God bely in die woorde van die lied van Christian Friedrich Richter wat Wesley self vertaal het:

  My soul before Thee prostrate lies
  To Thee her source my spirit flies
  My wants I mourn, my chains I see:
  O let Thy presence set me free! (Wood 1967: 65)

- sy hulpeloosheid besef en uitgeroep: 'Lord help Thou my unbelief!' (Wesley s a: 89).
- 'n vaste besluit geneem om alle steun op eie geregtigheid af te sweer en om sy vertroue in Christus te stel as die enigste een wat vir hom regverdigmaking, heiligmaking en verlossing kan bied (Wesley s a: 101).

Die hele gebeurtenis op 23 April 1738 dra die stempel van bekering. As Outler die 1727-gebeurtenis 'n bekering kan noem, is hierdie ook een. Miskien is hierdie selfs 'n meer evangeliese een, want hier val die lig nou helder op Christus Jesus as sy persoonlike saligmaker in wie hy sy vertroue stel. Meer nog, en dit kan as moontlike verdere aanduidings van 'n bekering wees, na hierdie gebeurtenis is dit asof daar 'n nuwe inhoud, nuwe klank en nuwe entoesiasme in sy prediking gekom het. Dit word hierin kenbaar:

- Hy verkondig nou onverdiende verlossing deur geloof in die bloed van Christus (Schmidt 1962: 242).
- Sy prediking was, volgens Böhler, nou so effektief (anders as in Georgia) dat dit groot verbasing en beroering gewek het (Schmidt 1962: 243).
- Hy het 'n ywer vir die redding van mense; hy verlang dat die arm van die Here aan hulle geopenbaar sal word (Outler 1964: 56).
- Sy hart het, volgens sy eie getuienis, verruim geword om die liefde van God te

verkondig (Outler 1964: 56).

Vanaf 10 Mei 1738 laai die spanninge weer op. Hy word verbied om op sommige plekke die evangelie te verkondig. So word hy terselfdertyd die geleentheid tot emosionele ontlading ontneem. Sy emosiebelaaide konflik met William Law (Green 1945: 65-73), spanninge rondom die ernstige siekte van sy broer Charles, die tyding dat Charles rus gekry het vir sy siel (Gill 1964: 70-71) en nie hy nie, die terugkerende neerdrukkende sondebesef, maar dan ook die wete dat diegene wat in Christus glo, nie verlore sal gaan nie, bring weer eens die verlange om die vrede met God en die vreugde in die Heilige Gees in sy gevoel te ervaar (Wesley s a: 96). Hy soek 'n gevoelsversekering dat hy glo en gered is.

Toe kom Aldersgate 20:45. Hy kry die gevoelsversekering dat hy glo en vertrou, hy ervaar 'n sensasie dat hy gered is. Maar was hierdie gevoelservaring 'n bekering?

Tot dusver het die volgende geblyk:

* Aldersgate self lewer so goed as geen getuienis van 'n bekering aldaar nie.
* Wesley se uitsprake oor sy onbekeerdheid en ongeloof voor Aldersgate was tot 'n groot mate gevoelsuitsprake.
* Daar was gebeurtenisse voor Aldersgate wat baie sterk getuienis ten gunste van bekerings gelewer het. Veral die gebeure op 23 April 1738 vertoon 'n duidelike bekeringskarakter.

## GETUIENIS NA 24 MEI 1738

As Aldersgate, 24 Mei 1738, iets so ingrypends was dat dit na tweehonderd en vyftig jaar nog as 'n 'conversion' gedenk word, kan 'n mens verwag

* dat hierdie plek en dag dikwels in Wesley se eie geskrifte na vore sou kom en
* dat daar 'n duidelike verskil tussen Wesley se voor-Aldersgate-geskiedenis en sy na-Aldersgate-geskiedenis sou wees.

Wat die plek en dag betref, is dit opvallend dat daar slegs een uitdruklike verwysing hierna is, naamlik in 'n brief aan sy broer Samuel op 30 Oktober 1738 (Schmidt 1962: 267). Daar is wel etlike verwysings na 1738 as die jaar waarin hy 'assurance' ontvang het (Outler 1964: 14, 51-52). Aldersgate self het egter uit Wesley se geskrifte verdwyn. Moontlik is dit 'n aanduiding dat hy self nie meer die dag in herinnering geroep het as sou dit die dag van sy bekering gewees het nie. Moontlik

is dit dat Wesley besef het dat Aldersgate *een* van die bakens langs sy pad was, en nie die enigste of grootste baken nie.

Wesley se persoonlike geskiedenis na 24 Mei 1738 is nog deurspek met voor-Aldersgate-ervaringe. Hy ervaar oomblikke van neerdrukkende geestelike swaarmoedigheid en gebrek aan vreugde 'equal in severity to anything preceding' (Outler 1964: 51). Erger nog, die voor-Aldersgate oortuiging dat hy geen Christen is nie, oorval hom weer so laat soos 17 Junie 1766 (Outler 1964: 81). Ook sy getuienis dat hy 'n 'new creature' is, word later deur hom ontken (Schmidt 1962: 268).

Wat toewyding en ywer betref, het Aldersgate feitlik niks nuuts gebring nie. Reeds in 1730 het hy al die Bybel as sy hoofboek beskou, gebed was lank reeds 'n deel van sy lewenspatroon, en aan oorgawe het dit nie ontbreek nie. Voor 24 Mei 1738 was hy ook reeds 'n 'evangeliese' prediker soos blyk uit sy preek van 1733 oor 'The Circumcision of the heart' waar hy dit duidelik stel dat Christus gekom het om sondaars te red.

Mens kan derhalwe saamstem met Outler (1964: 41) as hy sê: 'Whatever may be said of his "heart", Wesley's mind-set was already firmly settled before Aldersgate'. Die nuwe nadruk op die 'hart' kom egter duidelik na vore in genoemde preek waarin hy in die na-Aldersgate-periode 'n byvoeging in die teks aanbring dat geloof nie alleen 'n instemming is met die Skrifopenbaring nie, maar ook 'the revelation of Christ in our hearts, a divine evidence or conviction of his love, his free unmerited love to me a sinner' (Jackson 1829: 205).

As bekering nie noodwendig 'n affektiewe hartservaring en gevoelvolle versekering beteken nie, dan is daar geen deurslaggewende getuienis dat Aldersgate die waterskeiding tussen 'n bekeerde Wesley en 'n onbekeerde Wesley is nie, want Wesley se lewe self toon die verskil nie onomwonde nie. Weliswaar het Wesley se bediening na Aldersgate 'n nuwe dinamiek gekry, en het die nadruk veel sterker geval op die persoonlike saligmakende geloof, maar dat Aldersgate die finale en beslissende breuk in Wesley se lewe geslaan het, word nie deur Wesley se na-Aldersgate-geskiedenis gestaaf nie.

## VERSKUIWINGS IN WESLEY SE DENKE OOR VERLOSSINGSASPEKTE

Om 24 Mei 1738 te evalueer is dit ook nodig om kennis te neem van belangrike nuwe insigte oor die verlossing waartoe Wesley in sy na-Aldersgate-periode gekom het.

Die volgende hou verband met die Aldersgate-ervaring en is van belang vir ons bespreking:

**Geloof en verlossing**

Wesley het 'n tweevlakkige konsepsie van geloof gehad, 'repentance faith' wat 'n 'supernatural sense or sight' is dat God die wêreld met homself versoen het en daarom *vir my* kom red het (Williams 1960: 64). In die gesprekke met Böhler het die 'bekeringsgeloof' nooit in die gesigsveld gekom nie - alle klem is laat val op die regverdigmakende geloof wat redding en die versekering van redding bring. Dit is om hierdie rede dat Wesley voor Aldersgate net 'ongeloof' in sy eie lewe kon raaksien.

In die na-Aldersgat-era word 'n belangrike verskuiwing merkbaar. Wesley kom tot die insig dat wat vir gebrek aan geloof aangesien is, waarskynlik net swak geloof was, want daar is grade van geloof. En swak geloof is nogtans ware geloof.

Hierdie nuwere insig het konsekwensies vir Aldersgate. Dit kan beteken dat toe Wesley voor Aldersgate uitgeroep het: 'Here kom my ongeloof te hulp!' hy waarskynlik hom misreken het en moes gesê het: 'Here, kom my swak geloof te hulp!' As dit so was, is dit 'n verdere aanduiding dat daar by Wesley voor die Aldersgate-gebeurtenis reeds geloof geleef het. 'Repentance faith' kry dan ook later 'n breër inhoud. Dit word vir Wesley 'the faith of a servant' terwyl 'justifying faith' beskou word as 'the faith of a son' (Williams 1960: 65-66, 113-114).

Ook hierdie latere onderskeiding open perspektiewe vir die verstaan van Aldersgate. Reeds Wesley het dit ingesien, daarom het hy belangrike veranderinge aangebring in sy joernaal wat die voor-Aldersgate-gebeure beskrywe. So het Wesley by sy klag in Januarie 1738 oor sy onbekeerdheid later hierdie woorde bygevoeg: 'I am not sure of this' (Wesley s a: 75). Waar Wesley toe gemeen het dat hy 'n kind van die toorn was, voeg hy later by: 'I believe not' (Wesley s a: 76). Waar Wesley voor Aldersgate gewag maak van die geloof wat hy mis en soek, pas hy later sy nuwe insig hier toe en voeg hy by die woord 'faith' by 'the faith of a son'. Ook by latere nadenke oor sy geloof in die voor-Aldersgate-periode maak hy dié kantaantekening in sy joernaal: 'I certainly then had the faith of a servant, though not the faith of a son' (Outler 1964: 54).

Terloops - en nader tuis - dit is interessant, en selfs insiggewend dat ds GWA van der Lingen na sy Pinksterfeeservaring in die Paarl byna dieselfde woorde gebruik het as die van John Wesley se emendasie. Volgens Van der Lingen het hy die Here voorheen as kneg gedien; na sy ervaring het hy eers besef wat dit is om as kind in vryheid te dien (Kitshoff 1972: 161). Maar nooit het Van der Lingen gemeen dat hy tot op daardie Sondag onbekeerd was nie!

Uitgaande van die onlosmaaklike band tussen geloof en bekering kan 'n mens alleenlik die Aldersgate-ervaring 'n bekering noem as dit vasstaan dat geloof juis daar ontstaan of deurgebreek het. Waar Wesley egter later self getuig dat hy

voorheen geloof gehad het, en waar hy self tot die oortuiging geraak het dat die graad van die geloof nie die wese van die geloof aantas nie, word die beskouing dat Aldersgate 'n geloofgenererende gebeurtenis was wat homself in 'n bekering geuit het, as foutief aangetoon. Met hierdie onderskeidings van Wesley en die gevolglike regstelling in sy joernaal is getuienis gelewer dat die belang van Aldersgate as die vreemde dag van die deurbraak van die geloof dan ook duidelik gerelativeer is en word die moontlikheid en waarskynlikheid geopen van Wesley se bekering of bekerings voor Aldersgate.

### Gevoel en verlossing

'n Verskeidenheid van persone het gehelp om Wesley te rangeer op die syspoor van die gevoel - 'n gevoel van sonde, 'n gevoel van geloof, 'n gevoel van regverdigmaking, en so meer. Sowat twee weke voor Aldersgate het Böhler nog vir Wesley opgeroep tot vertroue sodat hy die lewe van Christus in hom self sou *voel*. 'n Paar dae na Aldersgate moet Wesley egter begin leer dat 'n gevoel van vreugde geen versekering vir of maatstaf van die geloof is nie, want God gee die vreugde soos en wanneer hy wil. Sterker het die wete gegroei dat beide 'n innerlike kondisie (gevoel) en 'n uiterlike kondisie (dade) nie 'n noodsaaklike basis vir redding is nie. Sowat vyftig jaar na Aldersgate skryf Wesley dat hy en Charles destyds vir mense vertel het dat hulle verlore is 'unless they knew their sins were forgiven'. Maar nou weet hulle beter, sê Wesley.

So oortuig was hy nou van die relatiewe waarde, indien enige, van die gevoel dat hy leer dat selfs die gevorderde Christen wie se siel in volmaakte vrede lewe en wie se hart aan God verkleef is, nogtans in sy gemoed diep bedruk, uitermate treurig, verbysterd en platgeslaan deur benoudheid en angs kan wees (Williams 1960: 106, 108).

As Wesley dan nou oortuig is dat daar geen noodsaaklike verband tussen gevoel en geloof, of gevoel en verlossing bestaan nie, dan is ook Aldersgate en sy gevoelservaring geen bewys dat geloof juis daar getriomfeer het, dat Wesley se bekering daar plaasgevind het en hy die verlossing daar ontvang het nie. Dan is daar ook geen rede om te ontken dat geloof reeds voor Aldersgate in Wesley se hart kon gewoon het en dat sy bekering tot die Here reeds voor 24 Mei 1738 kon plaasgevind het.

### Versekerdheid en verlossing

Reeds in 1725 het Wesley al na die sekerheid van sy redding gesoek en gemeen dat dit in sy 'sincere endeavours' te vind sou wees (Williams 1960: 103). Dertien jaar later, in Januarie 1738, is daar by hom die groeiende oortuiging dat die sekerheid

gegee word deur die Heilige Gees met enigste basis die vertroue in die verdienste van Christus Jesus. Hierdie versekerdheid het hy tot 1744 as 'n noodsaaklike en integrale deel van die verlossing beskou. Geen versekerdheid beteken geen geloof, was die oortuiging (Williams 1960: 112). In 1747 maak Wesley die band tussen regverdigmakende geloof en versekerdheid los as hy aan sy broer Charles oor 'n 'explicit assurance that my sins are forgiven', skryf. Hy sê: 'I cannot allow that justifying faith is such an assurance, or necessarily connected therewith' (Williams 1960: 112). Vir een en twintig jaar verswak hy die 'assurance' tot 'consciousness' as hy skryf: 'Therefore I have not for many years thought a consciousness of pardon to be essential to justifying faith' (Williams 1960: 113). As Wesley op rype ouderdom terugkyk op 'n halfeeu se evangelisasieprediking sê hy: 'We preach assurance as we always did ... but do not enforce it, under the pain of damnation denounced on all who enjoy it not' (Williams 1960: 113).

Tuttle (1979: 331) meen dat Wesley voor 1747 verlossing uit genade deur versekerdheid gepredik het en daarna verlossing uit genade deur geloof. Tog is die lyne hier te skerp getrek. Geloof en versekerdheid was vir Wesley nooit teenstellings of alternatiewe nie. Die feit is egter dat Wesley nie langer te vinde was om die subjektiewe ervaring te beklemtoon as genoegsame grond vir verlossing nie. Hy was bewus daarvan dat die stem van 'n mens se eie verbeelding met die getuienis van die Gees van God verwar kan word (Williams 1960: 109).

As verlossing dan nie met versekerdheid saamval nie, beteken dit ook dat bekering en versekerdheid vir Wesley nie gelyktydige gebeurtenisse of ervaring is nie. Villa-Vicencio (1982: 76) is korrek as hy sê: 'Wesley came to believe that one can be genuinely converted and yet attain a full assurance of this only at a later stage'.

Vir die interpretasie van die Aldersgate-gebeurtenis is hierdie nuwere insigte van Wesley van ingrypende belang. Dit beteken dat die versekerdheid wat hy by Aldersgate ervaar het

* sy eie verbeelding kon gewees het,
* nie 'n bewys hoef te wees van regverdigmakende geloof nie, en
* 'n ervaring kon gewees het wat gevolg het op 'n bekering vroeër.

Kort gestel: Dit beteken dus dat Aldersgate 20:45 nie noodwendig as plek en tyd van Wesley se bekering beskou hoef te word nie. Wesley het deur sy latere insigte self die deur geopen vir die gedagte van 'n bekering of bekerings voor 24 Mei 1738.

**Bekering - oombliklik of geleidelik**

Nog 'n verskuiwing in Wesley se denke wat gewig dra by die opweeg van die getuienis oor Aldersgate, gaan oor bekering self. Mede deur die invloed van die Morawiers het Wesley hom reeds voor Aldersgate op die standpunt van 'n 'instantaneous conversion' geplaas (Wesley s a: 89). Ook van hierdie beskouing het Wesley later wegbeweeg. Yates (1952: 57) wys tereg daarop dat hierdie aspek van Böhler se teologie nie lank Wesley se goedkeuring geniet het nie. Wesley verruil gevolglik sy geslote beskouing van 'n onmiddellike bekering ten gunste van 'n oop siening dat die Heilige Gees nie volgens 'n spesifieke patroon hoef te werk nie, want, sê hy 'there is an irreconcilable variability in the operations of the Holy Spirit in the souls of men'. Maar hoe die Gees werk, kan selfs die wysste mens nie verkaar nie (Williams 1960: 101).

Sou hierdie beskouing op Aldersgate teruggeprojekteer word, beteken dit dat die oombliklike ervaring nie 'n oombliklike bekering hoef te gewees het nie, maar dat daar reeds voor Aldersgate 'n bekeringsontwikkelingsgang kon gewees het.

Die Aldersgate-gebeurtenis, so lyk dit, is dikwels gesien as die sametrekking van byna die hele heilsgebeure: roeping, bekering, geloof, regverdigmaking, wedergeboorte, versekerdheid en heiligmaking, met geloof, regverdigmaking en versekerdheid as fokuspunte, en die gevoel as die samesnoerende faktor. In hierdie lig beskou, kan die Aldersgate-ervaring nie anders as 'n 'conversion' geïnterpreteer word nie. Dit lyk asof Aldersgate met die jare onder groot druk gekom het as gevolg van historiese en hagiografiese faktore.

Hierdie druk op 24Mei 1738 word egter deur Wesley self verig as hy, bevry van emosionele druk,

- die gevoel van sy legitimasiekrag ontken,
- geloof voor Aldersgate erken,
- versekerdheid ontkoppel van geloof en regverdigmaking, en
- bekering nie net beskou as 'n onmiddellike gebeurtenis nie.

Hiermee word Aldersgate dan ook sy alleenreg ontneem om die plek van Wesley se bekering genoem te word. Eerder sal dit iewers op die pad voor Aldersgate lê.

Nou kan teruggekeer word na die vrae waarop antwoorde gesoek is:

**Was Wesley se ervaring op 24 Mei 1738 'n bekering?**

Die getuienis wat ingewin is, wys op die volgende: Die eintlike gebeurtenis te Aldersgate dra nie die stempel van 'n bekering nie, omdat by daardie geleentheid die kernelement van bekering, naamlik die bewuste en wilsbetrokke toekeer na

Christus, ontbreek. Alhoewel dit so is dat die mens aan die Bybelse imperatief 'bekeer julle' nooit uit eie krag gehoor kan gee nie en dat dit die Gees van God is wat reeds by die bekering aan die werk is, sodat bekering, soos Wesley dit verstaan het, wel as 'nuwe lewe' of 'wedergeboorte' gedui kan word, kan dit tog nie buite-om die menslike wilsbetrokkenheid geskied nie.

Meer nog, waar bekering, moontlik gemaak deur die Heilige Gees, gesien word in sy breë verband as die totale toewending van die mens tot God, as die *metánoia* waarin begrippe soos geloof, berou, verootmoediging, gehoorsaamheid, heiligmaking, navolging ensovoort tot uitdrukking kom (Jonker 1981: 205), klop dit ook nie met Wesley se Aldersgate-ervaring nie, behalwe in een enkele opsig, naamlik die geloofsaspek. Behalwe die wete van die besit van die geloof by Aldersgate, betuig Wesley dit ook sowat 'n uur later aan sy broer Charles as hy sê: 'I believe' (Gill 1964: 71).

Voorts is bykomende getuienis aangehoor waarom 24 Mei 1738 nie *per se* as die bekeringsdag van Wesley gereken hoef te word nie. Die volgende is aangevoer:

* Die dag en datum het nie uitgestaan in Wesley se gemoed en lewe nie.
* Daar blyk nie so 'n groot verskil te wees tussen Wesley se persoonlike geskiedenis voor en na Aldersgate nie.
* Wesley het van sy gevoelvolle uitsprake oor eie ongeloof en onbekeerdheid voor Aldersgate later sterk gerelativeer.
* Wesley se latere insigte oor gevoel, geloof, versekerdheid en bekering het die moontlikheid erken van 'n bekering voor Aldersgate.

Daar kan dus tot geen ander gevolgtrekking gekom word nie as dat die Aldersgate-ervaring nie 'n bekering was in die volle sin van die woord nie.

**Is 'n ander lokalisering moontlik?**

Wesley het geweet dat die wind waai waar hy wil en dat die Gees van God met mense werk soos hy wil. Daarom kan bekering wees 'die resultaat van die stille werking van die Gees en 'n eienaarsverwisseling wat sonder groot en opvallende skokke plaasvind', of kan dit die vorm aanneem van 'n 'plotselinge krisis met of sonder intense gemoedsaandoeninge' (Heyns 1978: 317). Mens hoef dus nie noodwendig in Wesley se lewe na skokke of krisisse te soek nie.

Tog val dit op dat daar wel duidelike oortuigings- en beslissingsmomente in Wesley se lewe was. Die jare 1725 en 1727 lewer getuienis daarvan. Mens sal selfs van sprekende bekeringstrekke in hierdie jare kon praat. Soos egter reeds aangedui, is die getuienis sterk dat 23 April 1738 'n bekeringsmoment of selfs 'n *conversio*

*actualis* kon gewees het. Daar was bewoënheid oor sonde, daar was 'n wegkeer van sonde, daar was 'n toekeer tot Christus as sy Verlosser, en daar was getuienis van veranderinge na die gebeurtenis.

Hierdie beskouing dat 23 April 1738 die keerpunt was, word ook gedeel deur Towlson (1957: 67) as hy sê: 'Indeed it may be maintained that the vital change in the outlook of the elder brother took place as early as 23 April', met byvoeging 'and all that happened on 24th May was the culmination of a long process'. Op hierdie kwalifikasie kom ons hieronder weer terug.

Dit kan dus gesê word dat Wesley se bekeringspad waarskynlik voor 24 Mei 1738 lê, 'n pad met gedeeltes waar die stille werking van die Gees ervaar is, maar waar daar ook krisisse was waarvan dié van 23 April duidelike kenmerke van 'n bekering dra.

Wat het dan by Aldersgate gebeur?

Aldersgate kan seker bloot psigologies verklaar word as 'n ervaring bewerk deur invloede en impulse 'by which a self hitherto divided, and consciously wrong, inferior and unhappy, in consequence of its firmer hold upon religious realities' (James 1902: 176).

Psigologies het Wesley beslis 'n vaster greep gekry, psigologies is daar blokkades verwyder en het hy tot 'n emosionele katarsis gekom. Psigologies is hy toegerus met 'n nuwe gevoel van versekering ten spyte van die daaropvolgende vlae van twyfel en neerslagtigheid, en psigologies is aan hom 'n innerlike dinamiek verskaf wat hy voorheen nie besit het nie. Miskien is dit ook waar dat die warmte in Wesley se hart by Aldersgate die gevolg was van 'a release from all the weariness of his spiritual quest' (Pudney 1978: 58).

Tog mag Aldersgate seker nie net psigologies gedui word nie en mag daar nie maar net vaagweg van 'religious realities' gepraat word nie. Die mening van Pudney (1978: 58) dat 'conversion, unless intellectual, is necessarily mystic, a psychological condition akin to that of the poet's moment of inspiration, the lover's ecstacy', is ook te oppervlakkig om ernstig opgeneem te word. God is die groot Realiteit en dit is hy wat deur die realiteite van die lewe werk om die mens te bring daar waar hy hom wil hê. En aan die realiteit van die Aldersgate-ervaring hoef seker nie getwyfel te word nie. Afgesien van die realiteit van die gevoel aldaar staan die werklikheid van Wesley se ontvange versekering ook vas. Sal dit dan nie God wees wat Wesley se aanvegtinge en twyfel gesien het, sy verlange bemerk het en sy swak geloof te hulp gekom het om, deur al die gevoel heen, sy oog op Christus te laat rig nie. 'Geloofsekerheid dui immers nie op 'n onaantasbare en blywende kern in die binneste van die gelowige waarop hy maar telkens kan terugval nie', wel is dit 'die permanente

openheid vir wat altyd weer van Gods kant kom en aan die mens gedoen word en vir hom geld' (Heyns 1978: 310).

Juis dit is waaroor Wesley opnuut by Aldersgate oopgegaan het: Christus (wat van God se kant kom). En deur die openheid het die sekerheid gekom. Verder as dit kan ons nie gaan nie: Aldersgate het versekerdheid gebring deur die genadige werking van die Gees.

Towlson (1957: 67) na wie hierbo verwys is, praat van 24 Mei as die kulminasie van 'n lang proses. Daar kan gevra word: Watter proses. Die proses van geloofsgroei? Maar dit hou tog nie op nie, dit kulmineer tog nie. Die proses van gevoelsopbouing? Maar gevoel behoort tog nie tot die wese van die verhouding met Christus nie. Die proses op weg na geloofsekerheid? Ja waarskynlik, maar geloofsekerheid hoef nie 'n proses te wees nie; dit is 'die seker-wees van Hom in Wie geglo word' (Heyns 1978: 310).

Nee, waarskynlik was Aldersgate geen kulminasie van 'n Bybelgefundeerde proses nie. Aldersgate was eerder een van die plekke en geleenthede waar God besig was met Wesley as werktuig in wording, gevorm op velerlei maniere, en deur talle mense, magte en mislukkings, want 'in a thousand ways - sunset and stars, sorrow and sunshine, duties and delight, details and destinies, pains and pleasures, through the things we do and the things we see - God is trying to break through, and not only call us to himself, but call us to ourselves, that we may find life and harmony, completion and self-realization' (Weatherhead 1958: 115).

Weer eens dus: Was die Aldersgate-ervaring Wesley se bekering? Of is daarvan 'n 'pious legend' gemaak (Outler 1964: 51)? Dit lyk to asof Aldersgate tot 'n legende uitgegroei het. Die getuienis staaf egter nie so 'n legende nie. Die woord 'assurance' bly nog die sleutelwoord in Wesley se eie getuienis. Daarom is Yates volkome korrek as hy die essensie van Aldersgate in die versekeringsaspek van die ervaring sien. Hy sê: 'Our view is that 24th May 1738 was the first occasion on which John Wesley gained an assurance of personal salvation centered in a crucified Christ' (Yates 1952: 7-11). Williams (1960: 104) se oordeel is gelykluidend as hy verklaar: 'The experience was the confirmation of a doctrine already accepted'. Ook Outler (1964: 52-53) sê dieselfde in ander woorde as hy die Aldersgate-ervaring beskryf as 'the fusion of justifying faith with the sure trust and confidence in God'.

Ten slotte dan: die Aldersgate-ervaring was geen bekering in die Bybelse sin van die woord nie; dit was eerder 'n gevoelmatige versekering en 'n innige bevestiging van Bybelse waarhede wat Wesley reeds vroeër in geloof sy eie gemaak het, sodat gegewe Skrifwaarhede beleefde lewenswaarhede geword het. En wie sal sê dat 'n genadige God deur sy Gees nie Wesley se verlange gesien en dit daar genees het nie?

**Literatuurverwysings**

BAKER, EW 1948. *A herald of the evangelical revival.* London: Epworth.
CARPENTER, D 1959. *Eighteenth century church and people.* London: Epworth.
CELL, GC 1935. *The rediscovery of John Wesley.* New York: Henry Holt.
CHURCH, L 1959. *Knight of the burning heart.* London: Wyvern.
DAVIES, RE 1963. *Methodism.* London: Epworth.
GILL, FC 1964. *Charles Wesley the first Methodist.* London: Lutterworth.
GREEN, JB 1945. *John Wesley and William Law.* London: Epworth.
HEYNS, JA 1978. *Dogmatiek.* Pretoria: NG Kerk Boekhandel.
JACKSON, T (ed) 1829. *The works of John Wesley.* London: Epworth.
JAMES, W 1902. *The variety of religious experience.* New York: Doubleday.
JEDIN, H & DOLAN, J (eds) 1981. *History of the church,* VI. London: Burns and Oates.
JONKER, WD 1981. *Die Gees van Christus.* Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.
KITSHOFF, MC 1972. *Gottlieb Wilhelm Antonij van der Lingen.* Groningen: VRB.
MACDONALD, FW nd. *The journal of the Rev John Wesley.* London: Dent.
MARSHALL, D 1965. *John Wesley.* London: Epworth.
OUTLER, AC 1964. *John Wesley.* New York: Oxford. (A library of Protestant thought.)
PUDNEY, J 1978. *John Wesley and his world.* London: Thames and Hudson.
SCHMIDT, M 1962. *John Wesley,* I. London: Epworth.
TELFORD, J 1947. *The life of John Wesley.* London: Epworth.
TUTTLE, RG 1979. *John Wesley. His life and theology.* Grand Rapids: Zondervan.
TOWLSON, CW 1957. *Moravian and Methodist.* London: Epworth.
VILLA-VICENCIO, CML 1982. The origins and witness of Methodism, in Vorster, WS (ed), *Denominationalism - its sources and implications,* UNISA, Pretoria.
WATSON, PS (ed) 1964. *The message of the Wesleys.* London: Epworth.
WEATHERHEAD, L 1958. *Psychology in the service of the soul.* London: Wyvern.
WESLEY, J s a. *Journal* of the Rev John Wesley. London: Dent.
WILLIAMS, C 1960. *John Wesley's theology today.* London: Epworth.
WOOD, AS 1967. *The burning heart - John Wesley, evangelist.* Exeter: Paternoster.
YATES, AS 1952. *The doctrine of assurance.* London: Epworth.